HEILA PIENAAR
Direkteur/Director

T: 082 437 5555
heilapienaar@mweb.co.za
661 Hofmeyer Str Wingate Park Pretoria
0153

# NUUSBRIEF, Mei 2021...

***KWARTAAL 2* het begin op 12 April. Ons Fasiliteerders is alreeds hard besig met voorbereiding vir die Eksamens wat vanaf einde Mei en begin Junie afskop. Gedurende Kwartaal 2 is daar sekere Take gedoen tydens Klastye om sodoende ouers te help wat voldag werk. Aan ELKE Fasiliteerder wat gehelp het hiermee, BAIE DANKIE – julle is staatmakers en maak beslis 'n verskil!!!**

Eksamens vir die **Graad 4 – 6** leerders begin op 8 Junie 2021

Eksamens vir die **Graad 7 – 9** leerders begin op 1 Junie 2021

Eksamens vir **Graad 10, 11 & 12** leerders begin reeds op 25 Mei 2021. Baie Sterkte vir die harde leerwerk!

***GELDSAKE:*** 1 Junie 2021 sal daar 'n verhoging wees in **sekere Fasiliteerdersfooie**. Nasorgfooie is reeds vanaf Januarie 2021 verhoog met R150 per maand. Hier is die datums rondom verhogings die afgelope 3 jaar:-

1 Januarie 2019, 1 Maart 2020, 1 Junie 2021

****** Weer eens BAIE DANKIE AAN ELKE OUER SE GEREELDE BETALINGS, dit maak 'n verskil!!!***

***WEBBLAD:*** Ons Webblad www.elardusparktuisonderrig word tans opgedateer met nuwe foto's en inligting! Gaan kyk asseblief na al die foto's. Die Nuusbriewe word ook op die webblad gelaai, vir maklike verwysings.

***VAKANSIE NUUS:*** Die Sentrum **SLUIT** vir die Akademie op 25 Junie 2021 en **OPEN** op 12 Julie 2021 vir **Kwartaal 3**.

Die Sentrum is oop vir **TOESIG** gedurende die eerste gedeelte van die vakansie – Tye vir Toesig is 07:00 tot 17:00.

Let asseblief daarop dat die **Sentrum gesluit sal wees vanaf 5 Julie tot 9 Julie** – daar is dus geen toesig by die Sentrum nie, tref vroegtydig voorsorg. Die Nasorg ouers se rekeninge sal vir hierdie week gekrediteer word.

**Aktiwiteite wat tans aangebied word:**

- **CODING & ROBOTICS** – Gr 1 tot Gr 6 vlak - **CODING & ROBOTICS RESOLUTE** – Ouderdom 12 tot 16 jaar
- **CAMI program** – bied leerders Akademiese hulp en versterking - vra gerus – dit is 'n oulike rekenaarprogram!
- **SKAAK of MiniChess** – alle ouderdomme net vir die lekker of tot by Gauten- Noord vlak (Donderdae)
- **Basiese HOUTWERK** – is betaalbaar per Kwartaal en sluit alle implemente, asook hout in
- **Ekstra Wiskunde** Klasse
- **NASORG fasiliteite** - maandeliks/daagliks/uurliks/of selfs net middagetes is beskikbaar volgens behoeftes
- **SWEM** - gratis deel van ons Sentrum (Woensdae en Vrydae) (slegs gedurende somermaande)

**VOORLOPIGE Kalender vir hierdie Akademiese jaar ter beplanning:-**

- Kwartaal 2: **12 April tot 25 Junie**
- Kwartaal 3: **12 Julie tot 22 September (Graad 10 en 11 Kwartaal 3 toetse kan wissel met die September datum)**
- Kwartaal 4: **4 Oktober tot 3 of 10 Desember – Toesig tot 15 Desember**.

**UITSTAPPIES:** Die Fasiliteerders is besig om uitstappies vir die onderskeie grade te beplan. Kostes vir die uitstappies sal vir die ouers se rekening wees.

**PARKERING EN TOEGANGSHEK:** Ouers neem asseblief mekaar in ag tydens in en uitry, veral gedurende spitstye. Onthou dat die Skuifhek slegs 45 sekondes oopbly en dan outomaties toegaan – daar is GEEN ogie op die hek nie.

GROETE, HEILA